

## Implikasies vir boere wat vrywillig hul klinies gesonde melkkuddes vir Bek-en-Klouseer inent

8 Julie 2024

Om die verspreiding en verwoestende gevolge van **Bek-en-Klouseer (BEK)** te vermy, het melkboere in die BEK-aangetaste gebied van die Oos-Kaap versoek dat hul plase as 'n voorsorgmaatreeël teen BEK ingeënt word. Dit is belangrik dat melkboere en die verwerkers wat hul melk afhaal, bewus is van die gevolge om hul gesonde kuddes teen BEK te laat inent, voordat hulle inenting versoek. Hierdie dokument is deur Melk SA saamgestel om duidelikheid te gee oor hoe 'n plaas wat BEK-negatief is, geraak sal word onder huidige regulasies, indien die kudde teen BEK ingeënt word,.

1. Plase binne die 10 km-beheerde sone rondom 'n BEK-positiewe plaas kan aansoek doen om hul BEK-vrye kudde teen BEK te laat inent.
2. Die staat sal nie enige BEK-vrye kudde dwing om ingeënt te word nie. Boere moet versoek om hul kudde teen BEK te laat inent deur die aansoekvorm te voltooi en die amptelike vrywaringsvorm, beskikbaar by die plaaslike staatsveearts, te onderteken.
3. Slegs plase binne die 10 km-beheerde sone word toegelaat om aansoek te doen. Geen plase buite die 10 km-beheerde sone sal oorweeg word nie. Plase wat grens aan BEK-positiewe plase sal voorkeur geniet.
4. Onder die huidige regulasies sal 'n plaas wat teen BEK ingeënt is as BEK-positief beskou word. Dit sal die volgende gevolge hê:
  - a. Die plaas word effektief onder kwarantyn geplaas.
  - b. Gesplete hoefdiere mag nie sonder skriftelike toestemming van die staatsveearts na of van die plaas af verskuif word terwyl hulle onder kwarantyn is nie – wat 12 maande of meer sal duur.
  - c. Dag Zero sal bepaal word as die datum waarop die laaste dier vir die eerste keer op die plaas ingeënt is, in die geval van klinies gesonde plase. Indien enige letsels of verdagte gevalle gevind word, sal dag Zero deur die staatsveearts bepaal word as die dag 2 weke nadat daar nie meer aanduidings van sirkulerende virus was nie. (Dit behels 2 negatiewe kudde-inspeksies met 'n 14-dae interval).
  - d. Onder ideale toestande sal die kuddes 4 tot 6 maande na die eerste inenting 'n skraagdiagnose inenting kry vir diere wat bedoel is om te lewe – bv. Stoetery, Suiwel ens. Slagdiere sal net een inenting ontvang soos in voerkrale.
  - e. Dag Zero (vir klinies gesonde kuddes wat vrywillig vir inenting aangemeld het) bly die dag waarop die laaste dier op die plaas vir die eerste keer inenting ontvang het.
  - f. Vir die eerste 6 maande vanaf Dag Zero mag gesplete hoefdiere slegs van die plaas af geskuif word vir slag by 'n BEK-goedgekeurde abattoir, onder 'n rooikruispermit van die staatsveearts.
  - g. Na 6 maande vanaf dag Zero mag diere by enige abattoir geslag word – steeds onder 'n rooikruispermit van die staatsveearts (hierdie plase is steeds onder kwarantyn).
  - h. Totdat die plaas BEK-vry verklaar is, mag gesplete hoefdiere slegs onder 'n rooikruispermit van die plaas af verskuif word vir slagdoeleindes. Diere mag om geen ander rede verkoop of geskuif word nie, tensy toestemming deur die staatsveearts verleen word (wat slegs onder

PO Box 1961 / Posbus 1961, Brooklyn Square, 0075, RSA. Tel: +27 (0)12 460 7312. E-mail / E-pos: operations@milksa.co.za

Direkteure / Directors:

HL Cilliers (Alternatiewe direkteur / Alternate director), S Ferreira, ZM Gebeda, LG Gibbs, AR Gutsche, AP Kraamwinkel, MJ Loubser, H Lubbe (Alternatiewe direkteur / Alternate director), Dr BS Jack-Pama (Voorsitter / Chairperson), CJ Neethling, AW Prinsloo, MG Rathogwa

Hoof Uitvoerende Beampte & Maatskappysekretaris / Chief Executive Officer & Company Secretary: N Fouché

Lede / Members: Milk Producers' Organisation NPC and the SA Milk Processors' Organisation (Association of Members, not for gain)

uiters buitengewone omstandighede oorweeg sal word) – en selfs dan slegs tussen plase met dieselfde BEK-status.

- i. Met dien verstande dat daar geen gevalle van BEK op die plaas was nie, sal die plaas, op die vroegste, eers na 12 maande vanaf dag Zero beskou word as vry van bek-klouseer. Die proses om 'n plaas BEK vry te verklaar, kan selfs langer neem.
- j. Om te bewys dat 'n plaas BEK-vry is, moet die kudde gebloeï word en die bloed getoets word vir BEK teenliggaampies. Alhoewel dit moontlik is om die entstofteenliggaampies te onderskei van die teenliggaampies wat geproduseer word deur 'n dier wat met BEK besmet is, kan die toetse in sommige gevalle vals-positiewe resultate gee. Dit bemoeilik die interpretasie van positiewe toetse in 'n gesonde kudde wat vrywillig teen BEK ingeënt is. Dit is hoekom plase vir ten minste 12 maande vanaf Dag Zero as BEK-positief beskou sal word.
- k. Kalwers gebore uit koeie/verse wat vir BEK ingeënt is, sal BEK-teenliggaampies via die biesmelk verkry en sal daarom ook positief toets vir BEK op serologiese bloedtoetse, totdat hierdie moederlike teenliggaampies uit hul sisteme verdwyn het.
- l. Om te bewys dat 'n plaas wat ingeënt was teen BEK vry is van BEK-infeksie, sal kalwers wat 2 maande of meer na dag Zero gebore is (omgewingsvirus wat in ag geneem word), se bloed eers getoets word na 9 maande vanaf dag Zero. Die aanname is dat die BEK-teenliggaampies, wat deur die biesmelk verkry word, teen daardie tyd verdwyn het en slegs kalwers wat aan die BEK-virus blootgestel is, sal positief toets. Dit behoort te bewys of 'n ingeënte plaas werklik vry van BEK is.

5. Terwyl 'n ingeënte plaas as BEK-positief geklassifiseer word, sal die melk ook as BEK-positief beskou word en moet dit as sodanig hanteer word met dieselfde implikasies op uitvoere.

- i. Alle melk van BEK-positiewe plase moet dubbel gepasteuriseer of UHT behandel word.
- ii. Vragmotors wat melk van hierdie plase afhaal, moet aan baie streng biosekuriteitsbeginsels voldoen.
- iii. Melkverwerkers wat melk van klinies gesonde ingeënte plase afhaal, sal hul uitvoerstatus verloor terwyl hulle melk van hierdie plase verwerk. Tensy die verwerkingsaanleg aan die staat kan bewys dat hulle die besmette- en skoon

melklyne heeltemal apart kan hou.

6. Die staatsveearts het reeds begin om BEK-vrye plase in te ent. Aansoeke van boere om hul BEK-vrye kuddes te laat inent word so vinnig as moontlik verwerk. Om verdragings met die verwerking van aansoeke te voorkom, moet boere verseker dat hulle die aansoeke volledig voltooi en al die inligting verskaf wat vereis word, wanneer 'n aansoek ingedien word. Enige vorms met gedeeltes, in die vrywaringsvorm wat deurgehaal is, sal nie oorweeg word nie!
7. Neem asseblief in ag dat hierdie ongewone tye is en daarom kan ons nie soos gewoonlik handeldryf nie. Suid-Afrika het nog nie vantevore in hierdie mate 'n uitbreking van BEK in 'n suiwelproduserende gebied ervaar nie. Gevolglik, word die impak van BEK in 'n suiwelgebied nou eers duidelik. Tot redelik onlangs was selfs BEK-besmette plase nie ingeënt nie. Die staatsveeartsenydiens moes die regulasies en standaarde aanpas sodat BEK-vrye plase as 'n voorsorgmaatreël ingeënt kan word. Dit is 'n groot stap in die regte rigting en staatsveeartsenydiens word bedank vir hulle samewerking in hierdie verband. Die gevolge van dit toe te laat sal mettertyd nog duidelik word. Daar is verbeterings aan die stelsel wat gemaak kan word en ons werk onverpoos saam met die owerhede om aanpassings met omsigtigheid te maak.
8. Die volgende stap sal wees om 'n stelsel in plek te kry waarvolgens 'n BEK-vrye kudde wat ingeënt is, na inenting as BEK-vry hanteer word en dat die melk van hierdie diere nie onderhewig is aan BEK maatreëls nie.
9. Dit spreek vanself dat biosekuriteit op 'n baie streng vlak gehandhaaf moet word. Biosekuriteit is net so goed soos die swakste skakel. NB! - Ons kan nie 'n valse gevoel van sekuriteit na inenting bekostig nie. Afsonderlike plase, wat aan dieselfde eienaar behoort, moet afsonderlik

bestuur word met geen beweging van personeel of voertuie tussen plase nie. Ingeënte plase kan steeds besmet raak en virusse laat sirkuleer en die omgewing besmet. Entstof-immuniteit duur slegs ongeveer 4-6 maande en virus kan dan weer op die plaas hersirkuleer. Elke boer, hetsy ingeënt of nie, het steeds 'n verantwoordelikheid om alle moontlike maatreëls te tref om naburige boere en gebiede te beskerm!

**Dr Mark Chimes**

**074 510 7316**

**[mark@milksa.co.za](mailto:mark@milksa.co.za)**

**Raadgewende Veearts vir Melk SA – Program Bestuurder: Diere Gesonheid & Welsyn**